NG Kerk KraggaKamma

Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai

‘n NUWE FAMILIE!

Wysmuis: Hallo Maatjies!!! Baie Welkom terug hier by ons !! Hoe gaan dit nog met julle? Het julle lekker laaaang vakansie gehou? …..en kersfees? Wie het baie presente gekry?

Wel , ek wil net se ons poppe het julle vreeslik gemis.Dis vir ons verskiklik lekker om altyd hier by julle te kom kuier! Ons het ook ons eie avonture gehad die vakansie en daarvan gaan ons julle nog sommer baie kom vertel!

Ek wonder net waar is al die poppe dan vanmore? Ek dink as julle hulle roep sal hulle dalk uitkom? Kom ons roep : STOFFEL…… BELLA…….,WOUTER….. LIZZY!!!!.... Nou waar draai hulle? …. Ek dink ek moet maar eerder gaan kyk. [af]

Hoor’n geskarrel agter die skerms en dan kom Stoffel uit.

Stoffel: [gaap] Huh, oh more maats! Ek is jammer. Ek het n bietjie verslaap vanoggend . Ek het heeltemal vergeet dis poppekas van more!

Bella: More, Stoffel !

Stoffel: More, Bella!

Bella: Wat lyk jy nog so deur die slaap? Het jy vergeet die kerk begin nou half nege en nie meer nege uur nie?

Stoffel: Huh… ummm , Oh ja , ek het vergeet…

Bella: Jy sal maar vroeer moet opstaan van nou af , anders gaan jy elke keer die maats mis.

Stoffel: Toemaar, moenie worry nie , Bella. Ek sal nie weer vergeet nie. Ek sal my wekker stel. Hoe lyk jy dan so op en wakker vanmore?

Bella: Oeeeeee, ek is eintlik baaaaie opgewonde!

Stoffel: Hoekom?

Bella: Oeee , Stoffel het jy vergeet ? Ek verjaar mos Saterdag en ek is besig om die beste verjaarsdagpartytjie ooit te beplan!!!

Stoffel: Oooooo ja. Lyk my ek het dit ook so bietjie vergeet.

Bella: Ag sies vir jou, Stoffel! Ek kan nie glo jy het sooo n belngrike ding vergeet nie!

Stoffel: Ja, ja…[mompel so by homself]. Wie onthou nou inelkgeval n meisiekind se verjaarsdag?

Bella: Wat se jy daar, Stoffel?

Stoffel: Oh nee, niks nie. Ek wonder sommer wat jy als beplan vir hierdie Fancy party van jou?

Bella: Oe, Oe , dit gaan die beste ,este partytjie ooit wees! Dis Saterdag en daar gaan n reuse springkasteel wees. Die grootste en hoogste een wat jy nog ooit gesien het! Dan kom Popsie the Clown ook nog en sy doen face painting.

Stoffel: Oh , Wow!! [raak opgewonde] En wat van koek en roomys?

Bella: O, Ja natuurlik! Dit gaan die mooiste koek ooit wees en met oorgenoeg roomys vir almal. Ek gaan ook ponieritte he en dan gaan ons wors braai en pizza eet!

Stoffel: Jislaaik , Bella. Dit klink na die coolste partytjie van die jaar!! Gaan daar n slippy slide ook wees?

Bella: Ja, natuurlik!!!!

Stoffel: Wow, hoe laat moet ek en Wouter Saterdag daar wees?

Bella: Wat? Jy en Wouter? O nee, julle is nie genooi nie.

Stoffel: Wat ? Hoe kan jy ons nie nooi nie?

Bella: Julle is ongelukkig nie familie nie. Ek nooi slegs my familie! Jy weet , soos my pa en ma en my sussies en boeties en my niggies en nefies.

Stoffel: Huh, maar ek en Wouter is dan broers.

Bella: Maar julle is nie MY broers nie.

Stoffel: [lyk baie afgehaal] Ai , ai hoekom is ek nou nie familie nie?

Wysmuis kom op

Wysmuis: Hallo Bella. Hallo Stoffel! Wat lyk jy so ongelukkig , Stoffel?

Stoffel: Dis als Bella se skuld. Sy hou hierdie Fancy partie maar ek en Wouter is nie genooi nie want ons is mos nie FAMILIE nie.

Bella: Ja, dis my partytjie en ek het besluit dis net vir familie.

Wysmuis: Oh , ek sien. Kan ek julle twee gou n vraag vra? Ken julle vir Jesus? En glo julle dit wat die Bybel ons leer oor God is waar?

Bella en Stoffel : Ojaaaaaa!

Wysmuis: Dan wil ek vir julle se dat die Bybel ons leer dat al is ons nie rerig boeties of sussies of niggies of nefies van mekaar nie . Dat ons een FAMILIE is omdat ons in God glo en Hom gehoorsaam!

Stoffel: So dan is ek en Bella eintlik familie! En dan kan ek mos na haar partytjie toe gaan!

Bella: Wel , dit lyk my dan maar so. Ok , Stoffel , jy en Wouter kan ook maar kom want ons is almal boeties en sussies in Jesus!

Wysmuis: Welgedaan , Julle twee! Nou is ons almal Een Groot Gelukkige FAMILIE danksy Jesus!

Almal: Totsiens maats!!! Tot volgende keer!!!!!

Deur Petru Vlok 2018